

R O N D O M N U U S

DECEMBER 2020 | QUATERLY NEWSLETTER



Missie

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

Visie

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varspprodukte in Suid-Afrika

Kernwaardes

Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid

"Ons moet vorentoe kyk en die truspieëltjie net gebruik as hulp en verwysing. Ons kan tog nie vorentoe beweeg as ons healtyd terugkyk nie.

GY S D U T O I T III

DEDICATION ALWAYS SHOWS

IN HIERDIE UITGAWE

Fokus

- 01 'N MERKWAARDIGE JAAR
- 02 KERSBOODSKAP
- 03 GROENTEBESOEK: EXCO

Waarde

- 05 OM REG TE KIES...

Afdelingnuus

- 06 NOOITGEDACHT - WABOOMSBERG BEWAREA
- 07 KROMFONTEIN - NASORGSENTRUM UITSTAPPIE
- 08 BOKKENFONTEIN - EERSTE KERSIE-OES
- 09 TANDFONTEIN - CHERRY TIME KLINIEK
- 10 DUTOIT SERVICES - MOVEMBER
- 10 GESONDHEIDSWERKERS - UITSTAPPIE
- 11 DUTOIT VRUGTE - CCTV SEKURITEIT
- 11 DUTOIT GROENTE - GROENTEBEKER
- 12 OOS-KAAP - BASEDAG
- 13 DUTOIT TEGNIES - PROJEKTE
- 15 AANSTELLINGS & OORPLASINGS

Allerlei

- 16 PRODUKSIE WES-KAAP DIENSTOEKENNINGS
- 21 DUTOIT VRUGTE DIENSTOEKENNINGS
- 23 DUTOIT CELEBRATES UNITY - SA BIG 5K
- 24 DUTOIT GHOLFDAG
- 25 CHERRY TIME

Redaksionele beleid

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

'n Merkwaardige Jaar

PIETER DU TOIT SR

Beste Kollegas,

Ek ontmoet al meer mense wat praat asof hierdie merkwaardige jaar, 2020, al verby is. En nou, hier op die nippertjie, kom Covid-19 om te sê: Onafgehandel. Ek stap saam met julle 2021 binne.

Almal moet ekstra versigtig wees en die Corona voorskrifte met streng dissipline toepas!

En watter jaar was 2020 nie! Sal ons ooit vergeet hoe die onsekerheid oor ons toegesak het toe Covid-19 die wêreld tot stilstand gebring het? Oor hoe ons as Dutoit-span die luik moes toemaak vir die Corona-storm? Maar ons het baie goed gevaar om aan te pas en vertroue te behou. Ons was baie gelukkig om in die regte bedryf te werk. Nietemin, baie dankie aan al ons personeel en besigheidsvennote wie 'n reusebydrae gelewer het tot ons sukses.

Die Dutoit Groep Direksie het versoek dat ek hul opregte waardering aan jul oordra vir die manier waarop ons die jaar met bevredigende resultate kon afsluit.

Ons sien baie uit na 2021. Die wêreld verstaan nou die pandemie en sy gevolge beter. Ons verwag dat ekonomiese groei op 'n breë front gaan herstel. Plaaslik lyk dit of die skelms wat ons land wou kaap, op pad tronk toe is! Met die heerlike koel voorsomer is die oesvoorsigte belowend. Dit is byna weer tyd om nuwe projekte aan te pak om ons maatskappy se groeikoers te lig.



Graag wens ons aan almal 'n baie geseënde Kerstyd toe. Vir die families wie kan wegbreek vir 'n ruskans; geniet die tyd saam met familie en vriende. Ek is ook bewus van heelwat van ons personeel wie die trauma van die dood van familie deur die jaar moes beleef, mag jul vertroosting vind by ons Hemelse Vader en sy baie helpers hier op aarde.

My wens is dat ons as 'n span in 2021, sal terugkeer na ons poste om vanaf dag een die nuwe jaar met vars inspirasie aan te pak.

Vriendelike groete,
Pieter



Kersboodskap

WILLEM COETZEE

Teen hierdie tyd sal niemand ontken dat 2020 inderdaad een van ons besigheid, ons land en ook ons wêreld se mees uitdagende jare was nie.

Sommige van ons is meer direk geraak deurdat ons dalk self siek was (Covid opgedoen het), of betrokke was by die afsterf van 'n geliefde of 'n vriend/vriendin. Inderdaad, saam met al die nuwe protokolle en nuwe maniere van doen in en om die werk en huis, sal 2020 ook onthou word vir 'n jaar van dankbaarheid.

- Ons is dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat ons besigheid sy deure kon oophou en kon funksioneer as 'n bron van voedsame voedsel dwarsoor die wêreld en ook in Suid-Afrika en Ceres. Tot op datum, het ons 'n totale hoeveelheid van 178 positiewe gevalle in ons besigheid gehad, met geen sterftes en tans slegs 8 aktiewe gevalle. Statistieke waarvoor ons baie dankbaar bly.
- Ons is dankbaar teenoor ons "groter Dutoit familieled" (al ons werknemers) wat getrou was in hierdie moeilike tye. Dankie dat julle elke dag besluit het om steeds werk toe te kom en te help bydra aan die instandhou van ons besigheid en ook die land se ekonomie. Hierdie lojaliteit word waarlik waardeer en is 'n toonbeeld van die uitleef van "Dedication Always Shows!"
- Ons is dankbaar dat ons die einde van 2020 kan nader met die vooruitsig om Kersfees as familie en vriende saam te vier. Kersfees is vir my persoonlik 'n tyd van refleksie en opgewondenheid. Ons Vader het Sy enigste Seun gestuur om vir my en jou 'n ewige lewe te verseker.
- Ons is dankbaar vir die huidige positiewe vooruitsigte wat ons in die klimaat ervaar en is ook versigtig optimisties oor 'n mooi oes wat besig is om in die bome en onder die grond te realiseer.

Dit bring my dan by die gedeelte rondom Kersfees en opgewondenheid. Ek is opgewonde oor 'n nuwe jaar wat voorlê, 'n jaar met baie beloftes en ook weer nuwe uitdagings. Ek nooi jou graag uit om as deel van 'n span die 2021 jaar aan te pak, met die wete dat Hy die pad saam met ons stap en dat ons (alias Oom Gys III) moet vorentoe kyk en die truspieëltjie net moet gebruik as hulp en verwysing. Ons kan tog nie vorentoe beweeg as ons heeltyd terugkyk nie. Mag jy en jou familie Sy teenwoordigheid baie spesiaal in hierdie Kerstyd ervaar en mag jul saamwees ook baie geseënd wees.

Kersgroete en beste wense,
Willem



Groentebesoeek: Exco

WILLEM COETZEE

Op 27 November het die Dutoit Groep Exco en UPOT-span vroegoggend weggespring om 'n geheelprentjie van ons 2021 groenteseisoen te kry. Die span was verras met 'n bitter mooi stand van uie en ook aartappels op die meeste plase. Dit was veral die uie wat baie goed vertoon het en groot opgewondenheid onder die groep geskep het.

Die impak van presisieboerdery kon baie duidelik op sommige plase gesien word. Presisieboerdery in die geval van uie, is die aanwending van bemesting (en chemie waar prakties moontlik) volgens die spesifieke behoeftes van die grond. Die grond - en dus ook behoefteverskille oor die hele oppervlakte van die uieland word in ag geneem. Dit behels ook die bestuur van nat kolle en uitsny van slegte of swak gronde (sulke gronde word dan nie geplant nie).

Rede vir die suksesse, as ek moet waag om te sê: goeie plantmateriaal (plantjies), goeie bestuur (bemesting, chemie, besproeiing en ander boerderypraktyke) en goeie klimaat tot hede.

Die span het ook die geleentheid gebruik om na die potensiële nuwe produklyne, naamlik vars knoffel, pampoen en butternuts te kyk... "watch this space"!

Baie dankie aan die Landgoedere en spesifiek die groente produksiebestuurders vir die harde werk en mooi vooruitsigte wat tans in die pyplyn is.



Om reg te kies...

DALENE CONRADIE

Hoe gereeld hoor ons nie "dit bly jou keuse, niemand kan dit van jou wegneem nie". Hierdie stelling word meeste van die tyd vergesel met "keuses het gevolge..."

Gedurende my diensperiode by Dutoit, was ek deurlopend gekonfronteer met keuses en kon ek beleef wat die effek of gevolg van my eie én die van ander se keuses was/is. So het my pad in 2012 met dié van Willem Reynolds, Bestuurder van Bokkenfontein, gekruis, toe Dutoit en die Reynolds-familie van Bokkenfontein, in 'n vennootskap gegaan het en die woord "keuse" vir my nuwe, lewende betekenis gekry.

Willem het groot geword op Heldersig in die Koue Bokkeveld en is een van 4 seuns van wyle Percy en Annemarie Reynolds. Willem is gebore met 'n verkorte en onderontwikkelde linkerbeen. Sy ouers het hom egter grootmaak soos 'n normale seun en hy moes en het alles gedoen wat ander seuns gedoen het. Hy voltooi sy laerskoolloopbaan op Boy Muller, waarna hy na Hoërskool Charlie Hofmeyer is en in Huis McDonald Seunskoshuis deur die week gebly het.

Op skool het Willem deelgeneem aan rugby, krieket, swem en atletiek - somer met die een been hooggespring ook!! Berge en voetslaanroetes het hy met ywer aangedurf, hy het gekies om te gaan waar sy maats gaan, al was sy vermoë beperk as gevolg van sy onderontwikkelde been. Hy het aanvaar dat hy nie alles so vinnig soos sy maats kon doen nie, maar hy het dit gedoen. Willem hou vandag

van jag en visvang - daar kan hy op "gelyke voet" met ander kompeteer.

Na skool studeer Willem Boerderybestuur aan Worcester Kollege, waarna hy vir 2 jaar Elsenburg toe is en sy Nasionale Landbou Diploma voltooi. In 1995, na voltooiing van sy studies, sluit hy by pa Percy op Heldersig aan en doen ook deelyds 'n nuwe kursus wat Elsenburg toe gebied het. Willem trou in 2001 met Marilize en hulle het 2 pragtige dogters, Amanda en Hanneke.

Ek het onlangs 'n "onderhoud" met Willem gevoer, want die keuses wat hy in sy lewe maak om dit wat hy het, te geniet en te waardeer, raak my elke keer wanneer Willem met groot humor en geraas in die hoofkantoor se gange van hom laat hoor.



Hy het die volgende lewenslesse met my gedeel en ek daag elke werknemer in ons besigheid uit om, wanneer omstandighede druk, hetsy werk- of persoonlike omstandighede, hierdie lewenslesse sy/haar eie te maak en om te kies om 'n pad van dankbaarheid te stap:

Willem se lewenslesse:

Die woorde "kan nie" bestaan nie by my nie | Saam met Jesus is NIKS onmoontlik nie | Waardeer dit wat jy het en wees dankbaar daarvoor | Daar is altyd mense met wie dit slegter gaan as met jou | Wees altyd positief en omring jou met positiewe mense | Vertrou op God, Hy het jou met 'n doel so geskep | Maak 'n verskil daar waar jy woon en werk.

Willem, ons salueer jou vir jou keuses!! Dankie vir jou aansteeklike positiwiteit, jou ingesteldheid teenoor die uitdagings van die lewe is inspirerend!!

Waboomsberg Bewarea

ARNO MARAIS

—

Daar is verskillende tipes bewaringsgebiede in Suid Afrika byvoorbeeld Bewareas, waar buurmanne bymekaar kom en saamwerk aan gemeenskaplike kwessies soos die bewaring van skaars plantegroei, diere, insekte, indringerplante beheer, afloop water. Die volgende vlak is 'n Biodiversiteit ooreenkoms waar daar meer reëls en verpligtinge is. 'n Volgende vlak is 'n Beskermd Area, en die laaste vlak is 'n Natuurrreservaat.

Vier maatskappye rondom Waboomsberg naamlik Nooitgedacht, Koelfontein, Elandsrivier en Waboomsberg Boerdery (Doornbos en Bellevue) het die behoefte gehad om die Waboomsberg Bewarea te stig, hoofsaaklik om saam te werk om indringerplante wat in die area voorkom, te beheer. Ons wil ook daarmee seker maak dat afloopwater sy natuurlike pad kan volg en nie deur indringerplante opgeslurp word nie. Die ander doelwit was om met die verloop van tyd ekotoerisme te bevorder, soos byvoorbeeld die Tankwa Trek fietsroete wat oor al vier eenhede loop.

Die Waboomsberg Bewarea strek tans oor 6337Ha en ons droom om met verloop van tyd al die plase wat aan Waboomsberg grens by die Bewarea te betrek. Binne die Bewarea, in die kloof tussen Nooitgedacht en Koelfontein is 'n paar redelike skaars plante, hoofsaaklik fynbos, 'n baie skaars skoenlapper waarvan die se monddede aangepas is om nektar uit van hierdie skaars plante te kan suig en ook heelwat fossiele. Ons sal graag hierdie skaars hulpbron wil beskerm en bewaar vir ons nageslag.

NOOITGEDACHT



Gedurende September en Oktober 2020 het Waboomsberg Bewarea en die WWF hande gevat en 'n groot deel skoongemaak van indringer plante (hoofsaaklik Swart Wattel en Bloekombome) wat na twee jaar gelede se brand opgekom het. Hierdie was 'n omvattende projek en 'n groot gedeelte is skoongemaak. Ons sal weer met 'n kleiner skoonmaakaksie moet opvolg, aangesien Swart Wattelsaad glo tot 80 jaar in die grond kan oorleef, wagtend op ontkieming. Ons is ook nou weer in proses om die pad teen Gydopas skoon te maak van indringers.

Ons wil graag ons kollegas aanmoedig om ook die stryd teen indringers aan te pak en vol te hou. Dit is sekerlik 'n las, maar ek glo dat ons as landbouers die verantwoordelikheid het om die natuurlike veld en hulpbronne op te pas en vir ons nageslag te bewaar.

Nasorgsentrum Uitstappie

SANDRA GALANT



KROMFONTEIN

Kromfontein nasorgsentrum het op 23 November die Wonderlik koffiewinkel gaan besoek om koekiekuns te doen. Met ons aankoms is ons hartlik verwelkom deur die Wonderlik personeel en 'n melkskommel vir elke kind.

Elke leerder het 'n boksie koekies en eetbare verf gekry om hul koekies mee te versier. Mens kon hul opgewondenheid aanvoel terwyl die boksies uitgedeel is. Gou het hulle begin om hul koekies te versier en toe proe of mens regtig die verf kan eet. Dit was verbasend om te sien hoe kreatief ons kinders werklik is. Hulle het dit baie geniet.

Baie dankie aan Wonderlik en Ribbon & Rope Events and Hire wat die uitstappie moontlik gemaak het en Mev du Toit wat die uitstappie vir ons gereël het.



BOKKENFONTEIN

Eerste Kersieoes

WILLEM REYNOLDS



Bokkenfontein is baie trots op sy eerste kersie-oes. Die boorde bestaan uit twee Kultivars nl. Royal Lynn en Royal Hazel. Die kersieboorde is nou 3 jaar oud en ons het begroot om so 3ton op die totale blok van 6.7ha te oes. Dit lyk nou of ons baie naby aan 33.5ton gaan eindig (5ton / Ha). Kersies werk definitief op Bokfontein en ons beoog om die Kersie-vertakking verder uit te brei.

Baie geluk aan almal op Bokkenfontein met 'n suksesvolle kersie-oes.

Charlie Hofmeyer

WILLEM REYNOLDS

Amanda Reynolds, dogter van Marilize en Willem Reynolds, is gekies as Charlie Hofmeyer se hoofdogter vir 2021.

"Ek is beslis 'n mense-mens en maak dit my prioriteit om ander se lewens so 'n bietjie op te helder. My wens vir die jaar is om saam met my ongelooflike span die liefde en omgee wat reeds in Charlie Hofmeyer heers, uit te bou en so ons skool as 'n eenheid te versterk. Ons wil ook ons ongelooflike gees en waardes aan almal rondom ons uitstraal, alles met passie aanpak en saam kosbare herinneringe te koester."



Cherry Time Kliniek

LINA SMIT

Die Kliniek is vir ons 'n groot droom wat waar geword het, omdat ons ver uit die dorp is, is mediese hulp nou ook meer toeganklik vir Tandfontein se werkers, nie-werkendes, Tandfontein skool, Bewaarskool asook die Nasorg.

'n Positiewe gesindheid sal onder die mense heers, omdat daar nou persoonlik na hul gesondheid omgesien kan word.

Tandfontein het al 'n paar jaar 'n Kliniek, maar dit was 'n opslaangebou en nie in 'n baie goeie toestand nie. Die nuwe gebou bestaan uit 'n kliniek, wagkamer,



opleidingslokaal, stoorkamer en badkamers. Die kliniek op die plaas hou baie voordele in, want mense hoef nie meer ten duurste Ceres of Op-die-Berg toe te gaan en in lang rye te wag nie.

Die Kliniek word deur Suster Sophia Kotze gediens, Dinsdae nm. is sy beskikbaar vir Bokkenfontein (tans 250 werkers) en Donderdae vir Tandfontein (tans 535 werkers). Sy word op verskeie Landgoedere bygestaan deur die gesondheidswerkers. Tandfontein se gesondheidswerkers is Cinty Kuvido en Madia Hlazo.

Die Groep het 'n ooreenkoms (MOU) met Department van Gesondheid, en bied ook waardevolle hulp t.o.v. chroniese medikasie en HIV. Opleiding kan gegee word in die opleidingslokaal en waardesessies kan ook nou hier plaasvind. Ons het baie planne vir 2021 en Tandfontein se inwoners. Veiligheidsruite is geïnstalleer en ons spog ook met 'n rolstoel vriendelike oprit.

Die opening van die kliniek word beplan met groot opwinding, vroeg in 2021. Dankie Cherry Time vir die voorreg om so 'n Kliniek te kon staanmaak.

DUTOIT SERVICES

November

Die manne by Dutoit Services dra hul snorre met trots gedurende November. Snorre voor tjorre?

Geert Crevits, John Davey, AC Koch



Gesondheidswerkers

SOPHIA KOTZE

Na 'n jaar met baie gesondheidsuitdagings het ons Gesondheidswerkers die voorreg gehad om die jaar op 'n hoë noot af te sluit, so ook op 'n hoë berg in die KOO-vallei met 'n trekker.

Dit was 'n groot bederfen so nodig, beter as enige terapeutiese sessie.

Vandat ons weggetrek het, het ons heerlik gelag, die rit was 'n eerste vir almal en ons het die opwindende dag afgesluit met 'n heerlike driegang-maaltyd. Opregte dank aan bestuur wat dit vir ons moontlik gemaak het.



DUTOIT VRUGTE



CCTV Skuriteit

GAWIE NEL

CCTV-tegnologie bestaan al sedert die veertigerjare en het omstreeks 1970 'n belangrike rolspeler in die sekuriteitsbedryf geword. Die tegnologie is beproef en daar is CCTV-sekuriteitskamera-modelle vir feitlik enige toesigtoepassing.

Dutoit Vrugte se vaste sekuriteitskameras wys in een rigting, wat hulle ideaal maak om baie spesifieke areas te monitor soos, onder andere, ons grensdraad. Dit word ook verkies vir toepassings waar dit nuttig is om kameras op sigbare plekke te installeer. Om hierdie rede is vaste CCTV-bewakingskamera's baie effektief, nie net om opnames van verdagte aktiwiteite op te neem nie, maar ook om misdadigers en vandale te weerhou om hul dade in die eerste plek uit te voer. Die kamera se rigting word tydens die installasie ingestel.



Tandfontein

DUTOIT GROENTE

Groentebeker

JANNES VAN ZYL



Kromfontein

Op 7 Desember is die jaarlikse Groentebeker uitdeling by die PWK Konferensiesentrum gehou. Die kriteria is baie streng en die Landgoedere word hoofsaaklik aan hulle begroting en kwaliteit lewerings gemeet.

Die Aartappelbeker is in 2020 deur Tandfontein gewen. Tandfontein se produksie was uitstekend en het 67ton per hektaar gemiddeld gelewer.

Die Uiebeker is gewen deur Kromfontein. Kromfontein het self baie goed gevaar aan die produksiekant en 88ton per hektaar gemiddeld gelewer.

Baie geluk aan beide die twee Landgoedere met 'n uitsonderlike jaar en baie sterkte aan almal vir die nuwe seisoen wat om die draai is."

OOS-KAAP



Basedag

ILZE LAUX

Die Oos-Kaap vier Basedag met hierdie heerlike bloubessie resep.

QUICK AND EASY BLUEBERRY MUFFINS

PREP 10mins COOK 20mins TOTAL 30mins

When you realize how easy these muffins are to make, you'll want to make them over and over again. This easy blueberry muffins recipe makes eight large, big-topped muffins, ten standard muffins or 20 to 22 mini muffins (see note below about baking time for mini muffins). Since most standard muffin tins have 12 muffin cups, if you plan on making the larger muffins, we recommend adding 1 to 2 tablespoons of water to the empty cups. This way the cups with water will heat up at the same rate as the cups with muffin batter, helping the muffins bake evenly.

YOU WILL NEED

1 1/2 cups (195 grams) all-purpose flour
3/4 cup (150 grams) granulated sugar
1/4 teaspoon fine sea salt
2 teaspoons baking powder
1/3 cup (80 ml) neutral-flavored oil
1 large egg
1/3 – 1/2 cup (80 ml – 120 ml) milk
1 1/2 teaspoons vanilla extract
6 to 8 ounces fresh or frozen blueberries

DIRECTIONS

Heat oven to 200°C. Line 10 standard-size muffin cups with paper liners. Fill the remaining cups with 1 to 2 tablespoons of water to help the muffins bake evenly.

Whisk the flour, sugar, baking powder, and salt in a large bowl. Add oil to a measuring jug that holds at least 1 cup. Add the egg then fill the jug to the 1-cup line with milk (1/3 to 1/2 cup milk). Add vanilla and whisk to combine. Add milk mixture to the bowl with dry ingredients then use a fork to combine. Do not over mix. Fold in the blueberries.

Divide the batter between muffin cups. Sprinkle a little sugar on top of each muffin. Bake muffins 15-20 minutes or until tops are no longer wet. Transfer to a cooling rack.

Jagersbos

ERIK FOURIE

Jagersbos se 2020 bloubessie-oes het in Augustus met verskeie Covid-19 uitdagings afgeskop. Ons het 'n begroting van 108ton bessies gehad. Met plukkers wat kon siek raak, was dit 'n uitdaging om alle protokolle en sanitering in plek te kry.

In die piektyd was daar ongeveer 110 mense wat gehelp het met die plukproses. Ons kon wel die begroting haal met 'n uitvoerpersentasie van 96%.

Die jong aanplanting van 4.21 ha was vir die eerste keer geoes. Die kwaliteit was baie goed en die opbrengs het 5ton/ha opgelewer.

Om seker te maak die vrugte word optimaal gelever, het ons met 'n gemiddeld van 33 kg/man 'n dag gepluk. Aangesien daar geen lugvrag op daardie stadium was nie, moes alles verskeep word.

Die laaste pluk het 11 Desember plaasgevind waarna ons onmiddellik begin het met die snoeiseisoen.



Dit is baie belangrik dat die proses so gou moontlik afgehandel moet word, om seker te maak daar is genoeg tyd om maksimum groei te verseker voor die plante weer in April begin blom. Ons sien baie uit na 2021 se oes, veral omdat die jong aanplanting heelwat meer tonne gaan lewer.

DUTOIT TEGNIES





RUDOLPH CRONJE

Ons is baie opgewonde oor 'n laat, maar groot seisoen wat Nektariens betref. Vrugsuikers bly een van ons grootste uitdagings. Die toename in suikervlakke van ons laat seisoen nektariens en pruime lyk sover belowend. Vanjaar lyk dit asof daar groter volumes per pluk gaan afkom. Dit sal die beskikbaarheid van verskillende kultivars oor minder weke laat strek.



SIZIPHIWE DINWA

We're testing new and exciting technologies to count fruit, measure fruit size, indicate fruit distribution and determine potential yield estimates on-tree. This will be done by using 2 systems, namely Go Pro's and a cell phone-based app which will be tested on 3 Western Cape farms.

In future, we would like an orchard/block monitoring strategy that accurately identifies and counts fruit, indicates the size-distribution and can accurately estimate yield. We want a system that is less time-consuming, can measure a lot of blocks in a short space in time, able to count all the fruit in a tree (after hand thinning) irrespective of fruit colour or size. Technology can be a viable tool to help us achieve these objectives and could be incorporated in our current block monitoring system.



WILLIE KOTZE

Uitdun op pere

Pere se handuitdun is grootliks afgehandel. By pere is dit belangrik om so spoedig moontlik op die finale aantal vrugte te kom, aangesien dit 'n groot invloed op vruggrootheid kan hê wat tot hoë tonne kan lei. Loofbestuur by blospere word ook nou gedoen, omdat pere se kleur in die eerste deel van die seisoen ontwikkel en nie later op kleur soos appels nie. Die draposisie van die vrugte is ook uiters belangrik om skaafmerke en vrugval tydens uitpluk te voorkom.

Uitdun op appels

Die chemiese-uitdun op appels vir hierdie seisoen is afgehandel. Oor die algemeen was die blomperiode twee weke later as verlede jaar. Dit was 'n groen blom, met baie kelkblare wat positief is vir vruggrootheid op die appels. Die blomperiode was egter kort en daar moes baie krities na die aanvanklike vrugte gekyk word. Wisselende temperature tydens uitdunspuite het baie uitdagings geskep, maar ons aanslag was goed berekend. Die doel van chemiese-uitdun is om die vruglading so na as moontlik na die vereiste aantal vrugte te verminder. Nou is die fokus op handuitdun en loofbestuur. Die finale vruglading word nou bepaal en die fokus is op die plasing van die vrugte vir goeie kwaliteit.

Ringelering en groeibeheer:

Groeibeheer vind nou plaas via loofbestuur waar waterlote tesame met Regalis spuite verwyder word. Ons is reeds in 'n belangrike fase van vrugknopvorming vir die volgende seisoen en dit is belangrik dat die groeipunte moet gaan staan en dat daar genoeg lig in die bome is.

Besproeiing:

Die bome se blaarvolume is nou vol en met die warm somersdae wat voorlê, is dit belangrik dat besproeiingskedulering reg geskied. Tans is ons in die selvergroting fase van vruggroei en dit beteken dat die vrugte nou baie sensitief is vir waterstres. Namate die vrugte groter word, raak hulle ook meer sensitief vir sonbrand wat verband hou met waterstres. Dit is dus krities om grondvogvlakke optimaal te bestuur.

Oprig van drape-nette:

In die komende dae gaan daar 'n groot fokus wees op die opsit van drape-nette. Ons mikpunt is om die nette so spoedig moontlik na handuitdun op te rig om sonbrand te voorkom. Dit is belangrik om hierdie boorde die eerste keer reg uit te dun, aangesien ons dit nie weer kan "groom" nie.





INGA DLUMANE
Excelsior | Jnr Produksiebestuurder



JENNEFFER JULIUS
Dutoit Groente | Loneklerk



J J GAGIANO
Platkloof | Jnr Produksiebestuurder



HENRY MARTHINUS
Bokkenfontein | Produksiebestuurder



AC KOCH
Dutoit Services | Verkoopsbestuurder

10
JAAR

KROMFONTEIN: Jan Paulse, Vusile Tyunu, Manene Simelane, Jakop Pienaar, Andile Ndumela, Helena Pienaar, Piet Kaalmeyer. **LINDESHOF:** Hennie Baron. **PAARDEKLOOF:** Surene Pass, Katriena Anna, Susanna Van Rooi, Karen Magdalena Human. **VASTRAP:** Simon Bhekembo. **SNEEUWKOP:** Freedom Maqolo. **TANDFONTEIN:** Liandi Titus, Ivell Munyu, Napo Ndawule, Johannes Josef, Daniel Kubido, Mthuthuzeli Jiya, Georgia Kubido, Mzwanele Mtibe, Monelisi Busakwe, Mpumelelo Mjwangu, Phethang Kopi, Thembaletu Masana. **EXCELSIOR:** Elzane Apollis, Janine Jonkers, Johannes Makemella, Rediwaan Williams, Sharon Swarts, Jan Jonkers, Willem Ruiters, Willem Pieterse, Leonard Nieuwenhuis, Jacob Taylor, Sara Appollis, Henry Pieterse, Graeme Appollis, Gert Van Deventer, Niklaas May, Johanna Ruiters, Mariette May, Eva Nieuwenhuys, Lea Taylor, Petronella Van Rooi. **NOOITGEDACHT:** Zolani Patrick Nyongwane, Piet Willemse, Katriena Kamfer, Mzwandile Ngcefe. **COSHLA:** Mario Theron. **VREELAND:** Johannes Wilskut, Koloyi Mbethe.





20
JAAR

KROMFONTEIN: Mariska Jantjies, Frans Kalmeyer, Hilton Galant, Danwir Titus. **LINDESHOF:** Daniel Arries, Shariefa Mentoor, Gerrie Hanse, Admen Titus, Jacobus Van Wyk, Stefanus Pedro, Elizabeth Louw, Lea Van Rhyne, Dawid Persens, Barend Janse, Izak Louw, Adam Louw, Spaas Louw. **VASTRAP:** Arrie Onker. **TANDFONTEIN:** Jan Kibido. **NOOITGEDACHT:** Johannes George, Magdalena Smit, Jan Kamfer. **PAARDEKLOOF:** Marthinus Baartman.



30
JAAR

KROMFONTEIN: Wilhelm Fortuin. **LINDESHOF:** Peet Persens, Cet Persens, Elizabeth Baron. **VASTRAP:** Lukas Hardnek. **TANDFONTEIN:** Willem Skippers. **PAARDEKLOOF:** Benjamin Lucas Krotz. **SNEEUWKOP:** Jan Plaatjies





40
JAAR

KROMFONTEIN: Jaffa Galant. LINDESHOF: Katrina Titus.



AFTREDE

LINDESHOF: Jan Spanneberg, Adam Ruiters, Sakkie Jiemies, Linky Baron, Gertruida Smith. **EXCELSIOR:** Johannes Makamella. **VASTRAP:** Francina Hardneck. **NOOITGEDACHT:** Sarel Oktober, Magrieta Tesso. **PAARDEKLOOF:** Andries April. **COSHLA:** Jacoba Johanna Waterboer



10
JAAR

PAKHUIS 1: Margeret Ndulua, Gladys Mosolodi, Mamahlati Mahlatsi, Victoria Duma, Ester Mohamed, Sandra Nel, Makie Gaba, Litisha Titus, Nozuko Maflika, Nomazizi Nonzaba. **PAKHUIS 2:** Nonyaniso Buda, Hydya Malikwa, Busisiwe Nyakaty, Noluthando Gaba-hentile, Mecalia Tromp, Benice Gedult, Nondawoyakhe Mbutyu, Danila Damon, Liliswa November, Zimasa Thukani, Vuyokazi Ntsatha, Elisma du Toit, Zuzeka Ramgana, Busiswa Nonzaba, Nontsikelelo Mbusha, Nomsa Phoselo, Thuliswa Matwa, Nokuthula Xhinela, Nokuthula Mpondwana, Mataelo Ngcagca, Carmen Bosman, Vuyiseka Vicani, Leentjie de Bruin, Nomsindisi Hinana, Josephine Pieterse, Nomaphelo Nzongana, Nomalady Mgozeli, Bongeka Mthonjeni, Orene Muller, Ncumisa Nkamana, Nokhaya Pekiso, Klara Maart, Denise Titus, Lindiwe Hlahla, Richard van Wyk, Mzwandile Magalakanqa, Jerome Muller, Nzaliseko Nketyana. **PAKHUIS 4:** Anesia Wildschutt, Yolandie Rooi, Nathaniel Jacobs, Elizma Adams, Thulani Yiliwe, Tyaphile Bhuda, Daniswa Ngwane, Deneska Alies, Lizeka Klaas, Nozuko Mcimbi, Vivian Ndulula, Thozama Ntlangani, Phumza Sishwaqa, Shireen Davids, Elizabeth Louw, Thandiswa Sopazi, Mapaseka Nkamana, Nosakhe Hlazo, Zimasa Phathela, Liesel Reiners, Noliziwe Tjozane, Nomathamsanqa Zongola, Buyiswa Stuurman, Cynthia Sihomo, Funeka Daniso, Veroeska Fonya, Nonyameko Matuwane, Melissa Zimm, Lindy Williams, Lwandiso Mqunquthu, Neil Engelbrecht, Agostina Nthunya, Siliswa Malo. **PAKHUIS 5:** Desnay Muller, Ndileka Qinta, Deidre Sefoor, Andreline Wanza, Khululwa Skefile, Funeka Bomela, Naomi Claasen, Cynthia Klaas, Nonkululeko Kulani, Nthabeleng Mutsi, Elo'reeza Swartz, Chantall Steenkamp, Ntombelizwe Mayekiso, Nomazana Mcimbi, Nonkqubela Teyise, Leatitia Schuurman, Trudie Gabavu, Thuliswa Kalo, Denise Maart, Nwabisa Thoba, Andiswa Mgozeleni, Lulama Gcinisa, Eveline Smith, Zukiswa Jolingana, Marilyn Segels. **PAKMATERIAAL:** Elmanice Cedras, Zanele Ntloko, Makgauhelo Lange, Lydia van Wyk, Vusumzi Gili. **VERSENDING:** Desne du Preez, Lunga Mei. **WERKSWINKEL:** Warren Hector. **KOELKAMERS:** Elwayne Carolus.

20
JAAR

PAKHUIS 2: Morne Kouter. **PAKHUIS 4:** Charol Wanza, Denise Baartman. **PAKHUIS 5:** Nico Mouton. **KWALITEIT:** Claudine Valensky. **VERSENDING:** Monica Lynx, Mthetho Bekeweni. **LABORATORIUM:** Susara Daniels. **VRUGTE ONTVANGS:** Willem Sanders & Francois Abrahams.

30
JAAR

PAKHUIS 2: Margareth Abrahams, Maritha Persent, Katriena Willemse. **PAKHUIS 4:** Josephine Swarts, Eveline Felix. **PAKMATERIAAL:** Christiaan Ockhuis, Frederik Ockhuis. **KWALITEIT:** Marina Cupido.

AFTREDE

PAKHUIS 2: Elias Maleka. **PAKHUIS 4:** Getruida Muller, Josephine Swarts, Francis Manus, Vuyekile Panyana, Mientjie Krotz. **PAKHUIS 5:** Magda Pietersen, Fiela Josefus, Margareth Isaacs.





Dutoit Celebrates Unity

MICRO MEDIA

It has undoubtedly been a very challenging year, and that is why it is even more important to find reasons, and the time, to celebrate corporate culture in a positive and uplifting way.

On Saturday, 7 November the South African Dutoit Group staff did exactly this. The company decided to enter their staff for a virtual 5KM event. Fitting, especially as their strapline is "Dedication always shows". We would affirm this, and add, dedication always shows up as their staff joined the event on a rainy Spring day!

96 Staff members and their families gathered virtually to complete a 5KM walk / run as part of the first annual SA BIG5K open charity event. Staff participated wherever they found themselves on the day. Some had the privilege of spending their exercise time among the apple trees in the orchards of the Dutoit Agri farms.

Dutoit staff holds a special place in the hearts of South African

households, as they are the ones who plant, harvest, and pack the gorgeous, nutritious fruit and vegetables that are available on supermarket shelves, all across the country.

With the SA BIG5K, staff had the opportunity to celebrate their unity, their achievements, and their resilience during Covid-19. Added benefits were teambuilding and being able to destress, with family and work friends, before taking on the silly season.

"We decided to support the SA BIG5K because the event resonated with us as a company. We believe in working together in unity, supporting each other as a work family, giving back to the communities who support our business and celebrating our wins every chance we get. SA BIG5K gave us that opportunity and our staff loved being part of it!"

Dutoit Group is a special and proudly South African company that hold their staff in high regard. We are honoured that they chose the SA BIG5K to celebrate their company's unity and achievements. In SA BIG5K terms we want to say thank you to the Dutoit's – for showing up, getting up and going BIG this November," said SA BIG5K spearhead, Ian Swanepoel.





Dutoit Gholfdag

ZARETHA KING

Op Saterdag, 17 Oktober 2020, is die jaarlikse Dutoit gholfdag en geselligheid gehou. 'n Totaal van 88 spelers, bestaande uit Dutoit werknemers, kliënte en verskaffers het aan hierdie gewilde Stableford-kompetisie deelgeneem. Dit was die eerste vol veld sedert Covid-19 en daarom was daar groot opgewondenheid. Dit was 'n pragtige sonskyndag – ideale weer vir 'n heerlike kompetisie.

Marzanne de Kock en haar span het gesorg vir die gebruiklike koel lafenis en 'n heerlike burger by die Dutoit 'halfway house'. Die 13 Dutoit-spelers, asook die kliënte en verskaffers het die geleentheid om te sosialiseer met ordentlike kompetisie aangegryp.


Vroegaand is die prysuitdeling opgevolg met 'n geselligheid in die saal van die Ceres Gholfklub. Bennie van Rensburg het die dag met 40 punte gewen, gevolg deur Pieter Immelman in die tweede plek en Rudolf Cronjé en Jean Faul in die derde plek (al drie met 39 punte). Pieter du Toit (Sr) het die naaste aan die pen prys gewen. Die Dutoit-spelers se gades en kinders het ook die geselligheid bygewoon en dit het die dag soveel meer spesiaal gemaak vir almal wat betrokke was. *Ons sien reeds met afwagting uit na die 2021-geselligheid.*

CHERRY TIME



Our Farm to Table Tale: Once upon a time, a tiny flower bloomed on an ancient cherry tree. Days went by; cycles of the moon waxing in the sky, and our little blossom met a bee. The bee pollinated the flower and slowly its petals dropped off. A small red gem appeared and grew and grew into a big, plump cherry. At sunrise, our farmer picked the fruit and added it to his juicy loot. He sent it to the packing house, to be washed, sorted and boxed. Our merry cherry then made its way from our farm to your table to make your day.

Today (23 September) our world hangs in balance. The equinox splits our day in half. 12 hours of light. 12 hours of night. It's a time of renewal and fertility. When the spring god and goddess fall in love. There's magic in the air, everywhere.





What treasures are worth the wait? A pie in the oven, a long-awaited holiday, holding a loved one again? Our cherries have taken their sweet time, but we know that good things come to those who wait, and the harvest season is about to begin! We celebrated the beginning of the 2020 harvest with various influencers roaming our orchards on Excelsior.





Our people are as important as our produce. The journey of our cherries from the farm to your table is made possible by the passion of some very special team members.

Meet Syntesia Raman and Adrieëta Ambraal who says "It's a privilege to see the beauty of the farm and its people every day." Both are daycare teachers on the Cherry Time farm.



Melting chocolate cherry bomb with cherry mousse, pistachio crumb and white chocolate sauce

Ingredients: (serves 4)

For the Cherry Mousse:

200g stoned Cherry Time cherries (about 350g fresh cherries)
45ml sugar (3 tbsp)
30ml water (2 tbsp)
15ml lemon juice (1 tbsp)
2.5ml finely grated lemon zest (½ tsp)
10ml gelatine (2 tsp)
15ml water (1 tbsp)
200ml cream



For the Pistachio Crumble:

100g flour (¾ cup)
50g brown sugar (¼ cup)
60g shelled pistachios (½ cup)
70g cold salted butter, cubed (5 tbsp)
5ml vanilla essence (1 tsp)

For the Chocolate Spheres:

250g white baking chocolate
red and pink food colouring powder

For the White Chocolate Sauce:

200g white chocolate, finely chopped
200ml cream

To serve:
fresh Cherry Time cherries
4 x sparklers
edible flowers e.g. dianthus and violas





It's the most magical time of the year and to celebrate this season with a cherry on top, we've compiled a special treat for you.

Download our very first Cherry Time e-book (www.cherrytime.co.za | Blog), filled with some of our favourite recipes from this season and also a little story about the magic of our ruby red cherries and how they get from our farm, to your table. *With love from the Cherry Time team*



Jozi, the freshest, juiciest cherries in the land are coming your way. Yes, Cherry Time cherries will be available for collection from 28 November at the Fourways Farmers Market.

Our sweet little cherries are synonymous with all that is beautiful and delicious in the festive holidays - perfection in cocktails, baked dishes, simply given as a gift and enjoyed just on their own.



Collaboration with Sweet Lion Heart

On 12 & 13 December, we experienced the humble fresh cherry tucked into everything imaginable at The Oranjezicht City Farm Market, Granger Bay, V&A Waterfront. With over 80 traders offering take-home grocery shopping and prepared food to eat on site.

The event was a cherry taste experience where visitors could feast on a range of delectable cherry products by artisan traders. We were very excited to host this unique event where we celebrate the dedicated farm workers, the nutritional and health benefits – and quite simply - we did it for the love of Cherry Time.

It was a sweet reward at the Year's End. Brought to you by CherryTime and the Oranjezicht City Farm Market.

-

Once upon a time, a tiny flower bloomed on an ancient cherry tree. And so began a story of love, care and connection – a tale that finds its end in a sweet, red cherry.

We loved sharing the chapters of a cherry's life with you, but sadly it's now coming to an end. Our online store has officially closed, we hope you enjoyed every bite. Luckily, the season is abundant and you can still place an order at one of these retailers: **Old Biscuit Mill: Cape Town | Oranjezicht City Farm Market: Cape Town | Joostenberg Deli: Stellenbosch | Meat Olive: Ceres | Wine Village: Hermanus.**

Graag wens ons aan almal 'n baie geseënde Kerstyd toe. My wens is dat ons as 'n span in 2021 sal terugkeer na ons poste om vanaf dag een die nuwe jaar met vars inspirasie aan te pak.

PIETER DU TOIT SR

Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com | Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Mari van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. Dutoit Services: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.